

# Indaba oor Aktiewe Burgerskap



Die Vaderhart-reeks  
2-5 September 2014

'n Gesamentlike projek van die  
**UV se Direktoraat Gemeenskapsbetrokkenheid en Bloem Shelter**

## Program

- Dag 1 Gemeenskapsmobilisasie
- Dag 2 Vroue, die Jeug, Kinders
- Dag 3 Leierskap
- Dag 4 Gemeenskapsbetrokkenheid se Opedag (Joolplaas – GRATIS)

Plek: CR Swart-ouditorium, Bloemfontein-kampus, UV  
Die Indaba bied 'n geleentheid vir volgehoue professionele ontwikkeling (VPO)!  
Dagkaartjie @ R50 (Dag 1-3)  
Dagkaartjie vir VPO-ontvangers @ R200 (Dag 1-3)  
(sluit verversings en middagete in)  
Studentepakket @ R50 vir drie dae  
Uitstallings deur verskeie NROs en ander belanghebbendes  
Kaartjies beskikbaar by Computicket tot 25 Augustus 2014

### Vir verdere inligting kontak:

Izak Botes (Bloem Shelter) 082 463 5916 | [izak@bloemshelter.co.za](mailto:izak@bloemshelter.co.za)

Prof Mabel Erasmus (UFS) 051 401 3732 | [erasmusm@ufs.ac.za](mailto:erasmusm@ufs.ac.za)

Ms Lenie Wepener (UFS) 051 401 2822 | [wepenmw@ufs.ac.za](mailto:wepenmw@ufs.ac.za)

 UFSUV |  UFSweb |  UFSweb



UNIVERSITY OF THE  
FREE STATE  
UNIVERSITEIT VAN DIE  
VRYSTAAT  
YUNIVESITHI YA  
FREISTATA



*Uitnodiging aan  
kerke en kerklui, besighede, akademici, studente, gesinne,  
maatskaplike werkers, die gesondheidsorgsektor en alle  
lede van NWOs en NROs na die:*

## **Internasionale Indaba oor Aktiewe Burgerskap**

Die doel van die Indaba is om maniere te bespreek waarop individue en gemeenskappe bemagtig en beweeg kan word om verantwoordelikheid te aanvaar vir hul ontwikkeling, in individuele sowel as gemeenskaplike verband.

Gedurende die stryd teen apartheid het burgers meer geredelik deelgeneem aan besprekings, inisiatiewe en organisasies wat die verbetering van die Suid-Afrikaanse samelewing ten doel gehad het. Nie-regeringsprogramme gemik op die ontwikkeling van burgers se lewens in terme van onderwys, gesondheid, besigheid, die jeug, vroue, leierskap en sosiale samehörigheid het 'n prominente rol begin speel in meeste gemeenskappe.

Uitdagings soos die huidige moraliteitsverval, gesinsverbrokkeling, gesinne waar 'n kind die hoof van die huishouding is, werkloosheid, geweldsmisdaad, dwelm- en middelafhanklikheid en haweloosheid staar individue en gemeenskappe in die gesig. Hierdie toestande noodsaak 'n hernude bevestiging van die belangrikheid van die kern- en uitgebreide gesin ten einde struktuur en rigting te verskaf aan die opkomende geslag.

Sedert die aanbreek van Suid-Afrika se demokrasie het landsburgers teruggesak tot 'n minder aktiewe bydrae tot die ontwikkeling van beide hul persoonlike lewens en dié van die gemeenskap. Globaal beskou, wil dit voorkom asof burgers afstand gedoen het van die verantwoordelikheid teenoor hulself en hul gemeenskappe, en slegs staatmaak op regeringsinstellings vir ontwikkeling. Bewyse hiervan word gevind in klagtes oor swak dienslewering, laer vlakke van entrepreneursinisiatiewe en die dalende getalle van gemeenskapsgebaseerde ontwikkelingsorganisasies, asook 'n onbetrokkenheid ten opsigte van die proses en strukture wat ontwikkeling bepaal.

Aangesien regeringsorganisasies vele uitdagings die hoof moet bied, is dit noodsaaklik dat gemeenskappe self gemobiliseer word om verantwoordelikheid vir hul eie ontwikkeling te aanvaar.

### **Die formaat van die Indaba**

Die Indaba word aangebied deur die Direktoraat Gemeenskapsbetrokkenheid van die Universiteit van die Vrystaat in samewerking met Bloem Shelter, as 'n deel van die Vaderhart-reeks. Sprekers is internasionale kundiges afkomstig van universiteite, NROs, NWOs, besighede, regeringsinstansies, semi-staatsorganisasies en geloofsgebaseerde gemeenskappe.

